**BESKRYWINGSPUNT 6: KERNKOMITEE: EREDIENS**

**KINDERS SE DEELNAME AAN DIE NAGMAAL**

**1. Besluit 1: Die teologiese beginsel:**

**Die AKV aanvaar die beginsel dat kinders aan die sakrament van die Nagmaal kan deelneem.**

**As veronderstelling van die beginselbesluit word gestel dat die AKV nie hiermee die suigelingsnagmaal aanvaar nie, maar toestemming gee dat gedoopte kinders die geleentheid het om as gelowige kinders van God in die sakrament te deel. Hierdie besluit beteken ook nie dat Nagmaal tydens aparte kinderkerk gevier word nie, maar dat kinders as deel van die huisgesin van God saam met die ander lede van die Liggaam van Christus die Nagmaal vier.**

**Indien bogenoemde beginselstandpunt verwerp word, verval al die onderstaande. Indien die beginsel aanvaar word, moet die AKV ook 'n keuse tussen die volgende opsies uitoefen:**

**2. Besluit 2: Die ouderdom waarop kinders aan die tafel mag aansit:**

**2.1 Gedoopte kinders van die gemeente word toegelaat om saam met hulle ouers van die ouderdom van sewe jaar af aan die Nagmaal deel te neem. Dit gee 'n jaar van skoolgaande ouderdom om tydens die kategese die basis te lê om met 'n basiese begrip aan die Nagmaaltafel aan te sit. Ouers het egter steeds die prerogatief om, indien hulle van mening is dat hulle kinders nog nie gereed is nie, hulle kinders eers later aan die Nagmaal te laat deelneem. Toepaslike toerustingsmateriaal word vir die gemeente en ouers ontwikkel.**

**OF**

**2.2 Gedoopte kinders van die gemeente word toegelaat om saam met hulle ouers van die ouderdom van 14 jaar af aan die Nagmaal deel te neem. Dit verseker dat kinders genoegsame begrip ontwikkel het om aan die tafel aan te sit. Toepaslike toerustingsmateriaal word vir die gemeente en ouers ontwikkel.**

**3. Besluit 3: Die toepassing van die besluit:**

**3.1 Hierdie beginselbesluit word deur die hele NHKA toegepas. Die verantwoordelikheid of 'n kind gereed is om aan die Nagmaaltafel aan te sit word as deel van die Doopbelofte aan ouers oorgelaat. Daar word toerustingsmateriaal geskep wat aan ouers in dié verband leiding kan gee.**

**OF**

**3.2 Die kerkraad van elke gemeente besluit of hulle hierdie beginsel ook in die betrokke gemeente tot uitvoering gaan bring.**

**4. Opdragte wat uit hierdie beginselbesluit vloei:**

**4.1 Herskryf van die kerkordelike bepalings sodat kinders se deelname aan die Nagmaal volgens die besluit kerkordelik gereël kan word.**

**4.2 Skryf van 'n alternatiewe/addisionele Nagmaalsformulier wat so verwoord is dat skoolgaande kinders die essensie van die Nagmaal verstaan en op 'n gelowige manier aan die tafel kan aansit. Sodanige formulier kan gepaardgaan met riglyne vir die voorbereiding deur die gemeente en die ouers in die week vooraf, asook liturgiese voorstelle vir die Nagmaalerediens.**

**4.3 Aanpassing in bestaande kategesemateriaal sodat kinders vroegtydig op hul unieke verstaansvlak die Nagmaalsboodskap verstaan – soos hulle ook leer om mettergaande die betekenis van hulle eie Doop te verstaan.**

***Motivering:***

**Aanloop**

Die gesprek oor kinders se deelname aan die Nagmaal is reeds sedert die vroeë 1990's op die agendas van verskeie AKV's gewees. Tydens die 71ste AKV is 'n voorstel van die Ring van Laeveld aanvaar dat daar opnuut weer studie gedoen moet word oor die deelname van kinders aan die sakrament van die Nagmaal. Die besluit het gelui:

> *Die gesprek oor kinders se deelname aan die sakrament van die Nagmaal moet heropen word, en studiemateriaal daaroor moet aan ouderlingevergaderings gestuur word.*

Studiestukke is aan die 72ste AKV voorgelê en die vergadering het die volgende besluit (Besluit 6):

* *Die vergadering neem nie tydens hierdie sitting 'n besluit oor kinders se deelname aan Nagmaal nie.*

* *Die Kommissie van die AKV word versoek om opdrag te gee dat verdere studie gedoen word oor kinders se deelname aan Nagmaal. Studiestukke oor verskillende standpunte behoort betyds aan kerkrade beskikbaar gestel te word vir bespreking en kommentaar. Studiemateriaal moet ook die moontlike praktiese implementering verreken.*

Die Kernkomitee vir Erediens is deur die Kommissie van die AKV getaak om laasgenoemde besluit uit te voer. Daar is uitnodigings tot inhandiging van 'n studiestuk gestuur aan ALLE deelnemers aan die debat tydens die 72ste AKV (36 in totaal, waarvan slegs sewe bereid was om aan die studie deel te neem). Die opdrag het behels:

* Dink teologies na oor die BEGINSEL van kinders se deelname aan die Nagmaal. Sodanige beginselstandpunt kan onder andere die NHKA se sakramentsbeskouing, die Bybelse benadering jeens kinders, die teologiese beginsel van die genade van God en die menslike antwoord daarop verdiskonteer. Die bedoeling is dus om te hoor wat behoort die NHKA se BEGINSELSTANDPUNT te wees rakende kinders se deelname aan die Nagmaal.

* Die tweede aspek waarop 'n mening gegee moet word is: Indien die 73ste AKV die beginsel van kinders se deelname aan die Nagmaal goedkeur, wat sou 'n verantwoordelike en werkbare IMPLEMENTERING van die beginsel wees? Hoe kan die beginsel dan in die praktyk neerslag vind?

Na die ontvangs van 'n aantal studiestukke is die materiaal (saam met relevante en bruikbare studiestukke van die verlede) aan die begin van 2022 op die webblad van die NHKA geplaas, en is daar 'n skrywe aan gemeentes gerig om hulle uit te nooi om die 12 studiestukke aan kerkrade te versprei waar nodig, en hulle op grond daarvan reeds voor te berei vir die gesprek tydens die AKV.

**Opsomming van studiestukke**

Daar is uiteraard uiteenlopende standpunte in die onderskeie studiestukke weergegee wat nie sondermeer met mekaar versoen kan word in 'n enkele opsomming nie. Hierdie opsomming poog dus om 'n breë konsensus weer te gee, maar die verskeie vraagstukke soos uit die studiestukke geblyk het, sal aan die einde gestel word.

1. Nóg die Bybel, nóg die geskiedenis gee 'n klinkklare antwoord op die vraag of kinders aan die Nagmaal kan deelneem. Daar is egter geen dwingende Bybelse getuienis wat kinders se deelname aan die Nagmaal in beginsel uitsluit nie. Dit is dus nodig dat die Bybelse gegewens teologies geïnterpreteer moet word.

2. Deur die verloop van die Ou Testament was daar tye waar kinders deel gehad het aan die Pasga-maaltyd en was daar ook tye (na die Ballingskap toe daar baie klem geplaas is op die gehoorsaamheid aan die Wet) waar kinders onder 13 nie meer aan die Pasga deel gehad het nie. Laasgenoemde was ook die situasie tydens Jesus se lewe en (tydens die) instelling van die Nagmaal.

3. As daar egter na die lewe van Jesus gekyk word, dan word sy bediening gekenmerk deur kontak met mense wat op daardie stadium deur die samelewing uitgesluit is – vroue, sondaars, tollenaars, nie-Jode en kinders. Hierdie kontak van Jesus kry veral gestalte in die persone saam met wie Jesus aan tafel gesit het. Jesus het dus 'n radikale inklusiewe oop tafel. Moltmann verstaan die Nagmaal as so oop soos die uitgestrekte hande van Christus aan die kruis. Die vraag kan dus gevra word: As Jesus tydens sy bediening so 'n radikale inklusiewe tafelgemeenskap gehad het, sou dit nie logies wees dat die Nagmaaltafel, waar ons glo dat Hy steeds die Gasheer is, ook so 'n radikale inklusiwiteit moet toon nie?

4. Die viering van die Nagmaal deur die vroegste geloofsgemeenskappe is gebaseer op die oortuiging dat Jesus self die Nagmaal ingestel het, Jesus se

dood gesien is as 'n plaasvervangende verlossingsdood, en die dood van Jesus tydens die Nagmaal gevier word deur die tekens van brood en wyn as herinnering en verkondiging. Die wortels van die praktyk van die viering van die Nagmaal vind heel waarskynlik sy parallel in die maaltye van omliggende Grieks-Romeinse assosiasies. Wat betref maaltye in die Grieks-Romeinse assosiasies en die Nagmaal in die Christus assosiasies, kan daar ooreenkomste én belangrike verskille aangetoon word. Dit is ook duidelik dat, in analogie met Grieks-Romeinse assosiasies, die doel van die Nagmaalsviering ten minste die volgende oogmerk gehad het:

* om te dink aan die verlossing van Jesus Christus (en daarom om te behoort);

* visueel te verkondig dat verlossing reeds bewerkstellig is (sigbare teenwoordigheid in die gemeenskap); en

* fisies persone in te sluit en uit te sluit op grond van sekere verwagte oortuigings en optrede.

Die gevolgtrekking is dat kinders se deelname aan die Nagmaal aan hierdie drie sake kan voldoen:

* Kinders kan nadink oor die verlossing van Jesus Christus (en mag daarom voel dat hulle behoort;

* kinders se deelname aan die Nagmaal verkondig dat die verlossing reeds bewerkstellig is; en

* kinders kan ingesluit en uitgesluit word van die Nagmaal op grond van sekere verwagte oortuigings en optrede.

5. Die verstaan van 1 Korintiërs 11 was deur die geskiedenis bepalend in die nadenke oor die Nuwe Testament se verstaan van die Nagmaal. Dis in die teks wat die konsep van *eet en drink 'n oordeel oor jouself* sy oorsprong vind. Die teks skep die indruk dat geloof 'n *sine qua non* vir die Nagmaal is. Daar is min verskil hieroor.

   Dit is egter belangrik om te sien wat Paulus met die redenasie in 1 Korintiërs 11 wou bereik. Hy wil juis uitwys dat die Nagmaal nie net gemeenskap met God bewerk nie, maar ook met mekaar. Die Korintiërs se Nagmaalviering was verkeerd as gevolg van die liefdelose en uitsluitende optrede van sekere dele van die gemeente. Die karakter as gemeenskapsmaal het so te sê heeltemal verdwyn, terwyl die fokus na die individu verskuif het. Hulle wag nie vir mekaar nie, neem mekaar nie in ag nie, en eet en drink te veel. In plaas van 'n maaltyd van gemeenskap, het dit ontaard in 'n maaltyd van verdeeldheid. Die Nagmaal is egter die maal waardeur die dood van die Here verkondig word. Derhalwe durf daar geen individualistiese misbruik van die maaltyd in die gemeente wees nie.

   Die bedoeling van die woorde *dat elkeen wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam en bloed van die Here is*, verwys dus nie na 'n minimum

verstaan of belydenis wat by die lidmate afwesig is nie, maar wys eerder daarop dat die (volwasse) lidmate deur hulle wyse van viering as't ware die inklusiwiteit van Jesus se liggaam en bloed ontken. Ongepaste deelname aan die Nagmaal beteken dus om die liggaam van Christus as 'n gemeenskap van gelowiges te ontken, en daarom *skuldig (te) wees teenoor die liggaam en die bloed van die Here* (1 Korintiërs 11: 27). Wanneer iemand aan die Nagmaaltafel, soos in die geval van die Korintiërs, bloot individualistiese godsdienstige behoeftes wil bevredig, verloën daardie persoon hierdie betekenis van die *communio*.

1 Korintiërs 11 vorm die basis van veral die Kategismus se hantering van die aangeleentheid, maar in die eksegese hiervan is dit duidelik dat Paulus se bedoeling eerder is dat die inklusiwiteit na vore moet kom as enige eksklusiewe optrede. Hoe belangrik die mens se verantwoordelikheid ook al mag wees, kan ons dit nooit as die voorwaarde van die Nagmaalsdeelname beskou nie. Die Bybel bedoel tog nie dat ons moet kwalifiseer vir die Nagmaal nie! Die enigste kwalifikasie wat ons na die Nagmaal bring is, soos Calvyn dit stel, ons bedelaarskap voor God. Alleen genade is waarom dit gaan. En die *communio sanctorum*, sê Calvyn, is vir sulke bedelaars. Ons onwaardigheid is juis ons waardigheid. 1 Korintiërs 11 se inklusiwiteit wil juis ook hierdie onwaardiges van die samelewing insluit. Onwaardigheid in die persoon is nie die waarde wat behoort uit te sluit nie, want wie sou dan waardig wees? Dit gaan oor 'n persoon se geestelike ingesteldheid en om die inklusiewe ingesteldheid van Jesus Christus deur jou Nagmaalsviering te kommunikeer.

6. In die geskiedenis van die vroeë kerk was daar ook tye waar kinders aan die Nagmaalsvierings van die kerk deelgeneem het (die Didache IX, 'n *kategese*-boek uit die vroeë kerk, stel as voorwaarde vir deelname aan die Nagmaal dat die persoon gedoop moet wees) en ander tye waar hulle toegang geweier is. Net soos wat die suigelingsdoop nie van die begin van die Christelike geloof beoefen is nie, het die Nagmaal aan kinders (en suigelinge) ook eers teen die tweede of derde eeu beslag gekry. Die afleiding in die studiestukke is dat kinders aanvanklik deel was van die gemeenskaplike liefdesmaaltye wat gelowiges in die vroeë kerk by hul huise geëet het, maar namate die kerk geïnstitusionaliseer het en die elemente van die sakrament verteologiseer is, het daar bepaalde voorwaardes ontstaan wat slegs sekere mense by die Nagmaal toegelaat het. Dit het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die RKK in die 16de eeu kinders jonger as sewe die Nagmaal ontsê het met die invoering van die transsubstansiasieleer. Die transsubstansiasie is deur die Hervorming nie vervang deur die vroom gemoed van die enkeling nie, maar deur die vrymag van Christus self in sy versoenende koms deur Woord en Gees. In die sakramente is dit God se genade wat gestalte kry en nie die begrip of selfs geloof van die mens nie. In die reformatoriese kerk is 12 tot 14 jaar gesien as die ouderdom waar *onderskeiding* wel kan plaasvind.

7. As daar vanuit 'n ekklesiologiese en kerkregtelike hoek gekyk word, maak die studiestukke dit duidelik dat belydenis van geloof nie die moment is wat lidmaatskap van die kerk bepaal nie, maar die Doop. Die Doop is die inlywing in die Liggaam van Christus, die geloofsgemeenskap. Dit is ook die beginsel wat baie sterk deur Calvyn gestel is. Dit is opmerklik dat Calvyn, wanneer hy oor die instelling van die Nagmaal handel, ook die Doop vooraf laat gaan en dui hy aan dat dit die goeie God behaag om ons deur die Doop in sy kerk, sy huis,

te ontvang. Hiermee saam wil Hy ons voortdurend versorg, wil Hy die lewe aan ons skenk en roep Hy ons om ons hemelse erfenis in besit te neem, daarom die Nagmaal. Calvyn stel dit egter ook duidelik dat gebruik van die Nagmaal gelowig en met eerbied moet geskied. Calvyn beskryf die Doop as die teken wat die innooi in die Vaderhuis simboliseer en omdat die Vader steeds sy gemeente wil versorg, bewaar en lei, word die Nagmaal geskenk. Die eerste dien as teken van die *inlei* en die tweede die *inbly*.

In navolging van Bucer wat geloofsbelydenis as voorwaarde vir lidmaatskap stel, verwoord die kerkordes na 1568 in die Nederlandse kerke egter dat die gedoopte kind eintlik slegs 'n *voorlopige* lidmaat is wat eers na belydenis van geloofaflegging *volledige* lidmaat sal wees, wat dan aan die Nagmaaltafel kan aansit.

As die studiestukke uitwys dat die Doop die volgende betekenisse in die reformatoriese teologie het:

- om te bevestig dat die gedoopte die eiendom van Christus is, aan Hom behoort en dat Hy volle gesag oor sy of haar lewe het;

- om te bevestig dat die dopeling deel het aan dit wat Christus kom doen het;

- om te dien as inlywing in die Liggaam van Christus en vereniging met die medegelowiges; en

- om 'n teken te wees van God se verbond (verhouding tussen God en mens wat volledig deur God geïnisieer is),

dan is dit duidelik dat die gedoopte, nie-belydende lidmaat nie slegs *voorlopige* lidmaat is nie. Behoort die gedoopte dus nie ook te kan deel in die tafel van die Here en wat Hy daardeur vir al sy kinders wil gee nie?

Die studiestukke stel dit duidelik dat die gedoopte reeds volledig lidmaat van die Kerk is en is belydenis van geloof nie nodig om sodanige lidmaatskap te bevestig nie. Hierdie *volledigheid van lidmaatskap* verwater nie die openbare belydenis van geloof nie, maar gee dit eerder die betekenis van 'n lidmaat wat antwoord op sy of haar Doop. Prakties-teologies gesien is dit die belangrikste dat die kind wat ten volle lidmaat van die kerk is, sal deelneem aan al die funksies van die kerk, naamlik viering, deling, betuiging, onderrig en diens.

8. Die NHKA het in sy uitnodiging tot die Nagmaal 'n uitnodiging tot gelowiges van ander kerke wat *dieselfde belydenis* het om saam aan die tafel te sit as hulle in hul eie gemeentes die voorreg sou geniet. Hierdie belydenis gaan verder as bloot ons belydenisskrifte en verwys eerder na die belydenis van Jesus as die gekruisigde en opgestane Here. Hieruit is dit af te lei dat die NHKA se Nagmaal in beginsel oop is vir alle gelowiges.

9. Die onderskeie studiestukke is dit wel eens dat die Nagmaal net aan gelowiges bedien behoort te word. Die verskille kom in by die vraag of kinders ook gelowig is en kan gelowig wees, en, indien wel, van watter ouderdom af? Van die studiestukke stel dit dat *enige kwalifiseringskriteria (anders as geloof) vir*

*toelating tot die tafel, sal die Kerk uit sy Kerkorde (en sy midde) moet weer*! Die Nagmaal wil immers gelowiges insluit, nooit uitsluit nie. Die genade wat in geloof ontvang word, bly die fokus. 'n Gelowige respons in die sin van die reik na die brood en beker is klaar die sigbare toe-eiening van die individu. Dit gaan dus nie oor 'n bepaalde kennis of 'n vrome belydenis nie!

10. Hierdie hele saak hou verband met die sakramentsbeskouing van die Kerk. Die sakramente is teken en seel van God se genade in Jesus Christus. Die Doop word nie op grond van enige prestasie deur die kind self bedien nie, maar juis in hulle onmag, wat reliëf gee aan die slagspreuk *Uit genade alleen*. Die *verstaan* word nie as voorwaarde gestel by die kinderdoop nie, maar juis as 'n voortdurende proses en opdrag aan die ouers. Die belofte om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig het juis ten doel om die betekenis van die Doop te verstaan. Insgelyks is die Nagmaal 'n teken en seel van die genade. 'n Voorvereiste van eers verstaan, wat op kinders van toepassing gemaak word, ry juis die genade-bedoeling in die wiele. Hierdie verstaan is ook 'n voortdurende proses soos wat 'n kind groei in verstaan en nie 'n uitsluitende voorwaarde nie. Die realiteit is dat daar steeds baie volwassenes is wat allerlei wanopvattings oor die Nagmaal het, maar hulle word nie uit die viering daarvan geweer nie. In daardie sin is die proses van verstaan nooit volledig afgehandel nie. Die Doop en die Nagmaal getuig dus van die inklusiewe reddende genade en liefde van God.

11. Uit die studiestukke is ook die verband tussen die Doop en Nagmaal ter sprake. Die studiestukke is dit eens: Die verbondenheid van die Doop en die Nagmaal spruit voort uit die heilsbetekenis grondliggend daaraan: Die kruis van Jesus Christus is die enigste bron vir ons verlossing en saligheid. Ook is die *communio sanctorum* van die Nagmaal nie 'n ander gemeenskap as dié van die Doop nie. In sommige studiestukke word die Doop as passief en die Nagmaal as aktief geteken, maar is beide geleenthede nie per definisie 'n geleentheid waar die genade van God passief ontvang word nie? Daarom moet die enge verbondenheid tussen Doop en Nagmaal altyd sterk beklemtoon word en geen *derde* (soos openbare belydenis van geloof) moet daar tussenin toegelaat word nie. Daarom kan die ouderdom vir toelating en openbare geloofsbelydenis nie as toelatingsvereiste tot die Nagmaal geld nie. Kohlbrugge waarsku dat die aanneming en bevestiging (belydenis van geloofaflegging) nie oorskat moet word nie. Van Kohlbrugge moet ons leer dat die belydenis van geloof as menslike daad nie bo die betekenis van die Doop (en die Nagmaal), as daad van God, verhef moet word nie. Soos die Reformatore benadruk Kohlbrugge dat die Nagmaal deur eenvoudige geloof, geanker in die Woord alleen, gevier word. Pannenberg het gesê dat dopelinge deur hulle Doop reeds gelowiges is en daarom kan daar geen beswaar teen deelname deur gelowige dopelinge wees nie.

12. Uit die studiestukke blyk dit dat daar aan die saak 'n ekumeniese perspektief is: In Duitsland word die Nagmaal aan kinders sedert die vroeë tagtigerjare by bepaalde sinodes van die Evangeliese Kerk in Duitsland toegelaat. Dit is ook algemene gebruik by die Evangeliese Kerke van die Unie asook die Verenigde Evangeliese Lutherse Kerk. Ander Lutherse kerke wat kinders toelaat, is onder andere dié in Denemarke, Finland, Noorweë en Noord-Amerika. Sowel die Hervormde Kerk as die Gereformeerde Kerke in Nederland laat dooplidmate toe

tot die Nagmaal. Ander kerke wat dit ook toelaat, is die Presbiteriaanse Kerk in Noord-Amerika, die Lutherse Kerk in Amerika en die *United Presbyterian Church* in Amerika. Hier te lande is dit praktyk in minstens die NGK en die Metodiste Kerk. Hierdie lys van kerke pretendeer nie om die volledige lys te wees nie, maar wys duidelik dat daar heelwat ander Protestantse kerke is wat reeds die kindernagmaal aanvaar het.

13. Een van die besware wat geopper word met die goedkeuring van die Nagmaal aan kinders, is die effek wat dit kan hê op die kategese in die Kerk. Meeste van die studiestukke stel dit egter dat die aandrang van die afhandeling van kategese voor deelname aan die Nagmaal toelaatbaar is, kontra-produktief is. Kategese gaan veral oor die verstaan van God se genade, terwyl die sakramente simbole van God se genade is en eerder oor belewenis gaan. Deelname moenie onderrig beperk nie en onderrig nie deelname nie. Soos wat onderrig voortduur, kan daar telkens 'n al beter en dieper verstaan wees van dit wat 'n kind reeds vir jare kon beleef. Presies dit is van die erediens as geheel ook waar en van 'n kind se eie verstaan van sy of haar Doop.

14. Vanuit 'n opvoedkundige en gesinsbedieningperspektief die volgende: Die opvoedkundiges getuig hoe belangrik gesins-, en daarmee ook godsdienstige rituele is as ankers vir ons kinders. Ons verkondig dat huisgodsdiens, gebed, erediensbywoning en kerklike betrokkenheid reeds op 'n jong ouderdom vir kinders belangrik is. Dit speel 'n deurslaggewende rol in die vorming van hulle geloof en kerklike betrokkenheid. Dit help ook om in hulle eie geloofslewe te groei. En daarom moedig ons ouers aan om daarmee vol te hou. Maar, stel een studiestuk, ons weerhou kinders van die een sakrament wat vir ons almal soveel beteken! Kinders se deelname aan die Nagmaal kan juis weer die belangrikheid van die huisgesin as die kern van die huisgesin van geloof beklemtoon, en vir ouers in die nakom van hulle doopbelofte nuwe verantwoordelikheid gee soos wat hulle hul kinders voorberei vir deelname aan die Nagmaal.

    Die groeiende populariteit van gesinsbediening en bedieningsplanne wat op gesinsbediening berus, maak dit baie moeilik en byna onverklaarbaar om kinders van die Nagmaal uit te sluit. Om kinders daarvan te weerhou om aan die Nagmaal deel te neem, is hiervolgens 'n direkte teenstelling van die gesinsgerigte bediening en ingesteldheid van die Kerk. Dit is duidelik dat die jonger kind se gevoel van behoort-tot-die-familie deur die deelname saam met die gesin aan die Nagmaal bevorderlik vir die godsdiensbewussyn kan wees.

15. Die vraag is dus nie óf kinders mag deelneem aan die Nagmaal nie, maar wanneer hulle die onderskeidingsvermoë het om dit te kan doen? Uit die studiestukke kan die volgende gesien word:

    * Byna al die studiestukke wys die gebruik van die suigelingsnagmaal af.

    * Meeste verwoord ook die belangrikheid van die losmaking van Nagmaal en die formele belydenis van geloof as 'n *derde element* tussen die Doop en die Nagmaal.

    * Sommige skrywers wat wel sterk voel oor die aflegging van openbare

geloofsbelydenis voor die Nagmaal, beywer hulle vir 'n vervroeging van die formele belydenisaflegging na 12 jarige ouderdom. Dit sou egter die tyd wat kinders in kategese deurbring met byna 50% verminder, en sou die gedagte dat die gelowige deur hul hele lewe steeds in 'n voortdurende leerproses moet bly, verder ondergrawe.

* Van die studiestukke voer aan dat kinders van 12 of 13 jaar eers genoegsaam kan verstaan waaroor die Nagmaal gaan, en dat deelname aan die sakrament dus eers van hoërskool-ouderdom moet wees.

* Meeste van die studiestukke het egter as uitgangspunt geneem dat kinders van skoolgaande ouderdom wel die vermoë het om die hart van die Nagmaal te verstaan as dit op hulle vlak aan hulle verduidelik word, en as daar gepaste toerusting aan gemeentes en ouers gegee word om dit aan hierdie kinders te verduidelik. Luther het in 1537 gesê dat die mens God moet dank dat selfs 'n kind van sewe jaar die evangelie kan verstaan en dat 'n kind deel van die kerk van Christus kan wees. Die evangelie *is vir die eenvoudigste mens verstaanbaar omdat God se Woord in menslike woorde na ons toe kom, en deur alledaagse woorde en beelde God se wonderdade verkondig*.

* Die Nagmaal is nie net 'n belydenis en 'n viering nie. Dit is 'n geestelike belewenis wat tot elkeen wat daaraan deelneem, se spiritualiteit bydra. In hierdie opsig het die Hervormde Kerk die geleentheid om op spirituele vlak op 'n vroeë ouderdom 'n blywende impak te maak oor die diep betekenis van die Nagmaal.

* Dalk is dit nodig om ouers (met die regte leiding) as deel van die uitvoering van hul doopbelofte, die geleentheid te gee om te oordeel wanneer hulle kind gereed is om aan die tafel aan te sit. Kinders ontwikkel nie teen dieselfde tempo nie en kinders se spiritualiteit wissel van een kind tot 'n ander. In plaas van die kerk wat deur middel van besluite die saak probeer bestuur, moet die onus eerder op die ouers geplaas word.

Net soos die NHKA die plek van die vrou in die Kerk as 'n volwaardige lidmaat en ampsdraer ontdek het, word ons geroep om dieselfde nou met die kind te doen.

> *Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep* (Handelinge 2: 39).

Die volgende sake moet in ag geneem word in die oorweging van die hele aangeleentheid:

* Kom die verband en ooreenkoms tussen die Doop en die Nagmaal genoegsaam in ons kerklike gebruike na vore, of word die verskille tussen die twee sakramente vooropgestel? Beskou ons die Doop as passief en die Nagmaal as aktief, of beide geleenthede waar die mens per definisie die genade van God passief ontvang?

* Hoe dink die Kerk vandag oor die *gevaar* van die ontheiliging van die Nagmaal? Word die heiligheid van die Nagmaal bepaal deur die geloof en kennisvlak van die deelnemers, of deur die God wat deur die Nagmaal met sy kinders in gesprek tree?

* Is *om te verstaan* werklik die voorvereiste vir aansit aan die tafel? Wat is die minimum *verstaan* wat nodig is vir kinders en gestremdes EN volwassenes? Is die problematiek wat 1 Korintiërs 11: 27 tot 31 aanspreek regtig die *verstaan* of juis die liefdelose en uitsluitende gebruik om ander gelowiges nie te ag nie?

* Wat is vir die Kerk die belangrikste: Die godsdienstige ritueel (met ander woorde die kerklike gebruik van éérs Doop, dan kategese, dan die aflegging van geloofsbelydenis, en dán aansit by die tafel) of die prinsipiële?

* Moet die keuse vir die beginselstandpunt afgewentel word na kerkrade (wat die gevolg kan hê dat die liturgiese binding tussen gemeentes verder verswak) of moet die AKV die beginselbesluit neem omdat dit die kerklike vergaderings is wat verantwoordelik is vir die besluite oor die liturgie? Indien dit die laasgenoemde is, dan skuif die onus na die ouers om die keuse oor hulle eie kinders te neem in navolging van hulle eie doopbelofte.

Klik op die volgende skakel vir die studiestukke wat op 3 Maart en 10 Junie 2022 aan kerkrade en predikante gestuur is: https://nhka.org/amptelik/algemene-kerkvergadering-akv/.

***Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.***